

Date Printed: 01/06/2009

---

JTS Box Number: IFES\_17

Tab Number: 33

Document Title: GOVERNMENT GAZETTE - STAATSKOERANT - VOL  
376 NO 17478 - KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

Document Date: 1996

Document Country: SAF

Document Language: AFR

IFES ID: EL00452



\* O C 1 A 6 A A 8 - 1 F O B - 4 3 D 1 - B 9 6 2 - A 1 7 3 A E C 8 4 B 5 A \*



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

## STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

*As 'n Nuisblad by die Poskantoor Geregistreer*

Vol. 376

CAPE TOWN. 4 OCTOBER 1996

No. 17478

KAAPSTAD. 4 OKTOBER 1996

PRESIDENT'S OFFICE

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 1602.

4 October 1996

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 51 of 1996: Electoral Commission Act, 1996.

No. 1602.

4 Oktober 1996

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 51 van 1996: Wet op die Verkiessingskommissie, 1996.

# WET

Om voorsiening te maak vir die instelling en samestelling van 'n Verkiesingskommissie om verkiesings vir nasionale, provinsiale en plaaslike wetgewende liggame en referendums te bestuur; en voorsiening te maak vir die instelling en samestelling en die bevoegdhe, pligte en werksaamhede van 'n Verkiesingshof; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die President geteken.)  
(Goedgekeur op 27 September 1996.)*

**D**AAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika soos volg:—

## INDELING VAN ARTIKELS

		Artikel
5	HOOFSTUK 1 Uitleg en Toepassing van Wet	
	Woordomskrywing	1
	Toepassing van Wet	2
	HOOFSTUK 2 Verkiesingskommissie	
	Instelling van Kommissie	3
10	Oogmerke van Kommissie	4
	Bevoegdhe, pligte en werksaamhede van Kommissie	5
	Samestelling van Kommissie en aanstelling van kommissarisse	6
15	Ampstermyne, diensvoorwaardes, onthefing van amp en skorsing van kommissarisse	7
	Voorsitter van Kommissie	8
	Gedrag van kommissarisse	9
	Openbaarmaking van botsende belange	10
	Vergaderings van Kommissie	11
20	HOOFSTUK 3 Administrasie, Personeel en Verantwoordingspligtigheid van Kommissie	
	Administrasie en personeel van Kommissie	12
	Finansies en ouditering	13
	Verslae deur Kommissie	14
25	HOOFSTUK 4 Registrasie van Partye	
	Registrasie van partye	15
	Verbod op registrasie van party onder sekere omstandighede	16
	Intrekking van registrasie van geregistreerde party	17
	HOOFSTUK 5 Verkiesingshof	
30	Instelling van Verkiesingshof	18
	Samestelling van Verkiesingshof	19
	Bevoegdhe, pligte en werksaamhede van Verkiesingshof	20
	HOOFSTUK 6 Algemene Bepalings	
35	Oortredings en strawwe	21
	Regsgedinge teen Kommissie	22
	Regulasies	23
	Herroeping van wette, regsopvolging en oorgangsbepaling	24
	Kort titel en inwerkingtreding	25

## HOOFSTUK 1

## TITLEG EN TOEPASSING VAN WET

## Woordonskrywing

1. (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
- (i) "geregistreerde party" enige party ingevolge artikel 15 geregistreer; (i)
  - (ii) "hierdie Wet" ook die regulasies; (xi)
  - (iii) "hoofverkiesingsbeampte" die hoofverkiesingsbeampte ingevolge artikel 12(1) aangestel; (ii)
  - (iv) "Kommissie" die Verkiesingskommissie by artikel 3(1) ingestel; (iii)
  - (v) "party" enige geregistreerde party, en ook 'n organisasie of 'n beweging van 'n politieke aard wat in die openbaar die beleid, kandidate of saak van enige geregistreerde party ondersteun of teenstaan, of wat nie-deelname aan enige verkiesing propageer; (vi)
  - (vi) "politieke amp" enige uitvoerende aanstelling of verkose amp, met inbegrip van enige verkose of genomineerde openbare verteenwoordiger van 'n party, hetsy besoldiging betrokke is al dan nie, of enige ander betaalde amp, in die diens van 'n party; (vii)
  - (vii) "regulasie" 'n regulasie kragtens artikel 23 uitgevaardig; (x)
  - (viii) "verkiesing" enige verkiesing vir 'n nasionale, provinsiale of plaaslike wergewende liggaam ingevolge enige wet; (iv)
  - (ix) "Verkiesingshof" die Verkiesingshof by artikel 18 ingestel; (v)
  - (x) "voorsitter" die voorsitter ingevolge artikel 8(1) aangewys; (i) en
  - (xi) "voorskryf" by regulasie voorskryf; (viii)
- (2) By die toepassing van hierdie Wet, tensy klaarblyklik onbestaanbaar met die samehang, word enige verwysing na 'n verkiesing, uitgelê as ook 'n referendum deur die President kragtens artikel 2(2) verklaar.

## Toepassing van Wet

2. (1) Hierdie Wet is van toepassing ten opsigte van enige verkiesing vir nasionale, provinsiale en plaaslike wergewende liggame, en enige referendum in subartikel (2) bedoel.
- (2) Ondanks enige andersluidende wetsbepaling, kan die President, na oorleg met die Kommissie, by proklamasie in die *Staatskoerant*—
- (a) verklaar dat 'n referendum gehou moet word ten einde die sienswyses van kiesers oor 'n aangeleentheid in die proklamasie vermeld, vas te stel;
  - (b) bepaal dat die referendum in die Republiek of 'n gedeelte van die Republiek in die proklamasie vermeld, gehou word op 'n dag of opeenvolgende dae en, behoudens hierdie Wet, gedurende die ure aldus vermeld;
  - (c) bepaal wie geregtig is om, ooreenkomstig hierdie Wet, by die referendum te stem; en
  - (d) bepaal watter vraag of vrae ten einde die sienswyse van kiesers te bepaal, op die stembrief moet verskyn.

## HOOFSTUK 2

## VERKIESINGSKOMMISSIE

## Instelling van Kommissie

3. (1) Daar is 'n Verkiesingskommissie vir die Republiek, wat onafhanklik is en slegs onderworpe is aan die Grondwet en die reg.
- (2) Die Kommissie moet onpartydig wees en moet sy bevoeghede en werksaamhede sonder vrees, guns of vooroordeel uitoefen en verrig.

## Ongmerke van Kommissie

4. Die oogmerke van die Kommissie is om grondwetlike demokrasie te versterk en demokratiese verkiesingsprosesse te bevorder.

## Bevoegdhe, pligte en werksaamhede van Kommissie

5. (1) Die werksaamhede van die Kommissie omvat die—

(a) bestuur van enige verkiesing;

(b) versekering dat enige verkiesing vry en regverdig is;

5 (c) bevordering van omstandighede wat bevorderlik is vir vry en regverdige verkiesings;

(d) bevordering van kennis van gesonde en demokratiese verkiesingsprosesse;

10 (e) opstel en byhou van kieserslyste by wyse van 'n stelsel van registrasie van stemgeregtigde kiesers deur die aanwending van data wat uit regeringsbronne beskikbaar is en inligting wat deur kiesers verskaf is;

(f) opstel en byhou van 'n register van partye;

(g) instelling en instandhouding van skakeling en samewerking met partye;

(h) onderneming en bevordering van navorsing na verkiesingsaangeleenthede;

15 (i) ontwikkeling en bevordering van die ontwikkeling van verkiesingskundigheid en -tegnologie in alle sferes van regering;

(j) deurlopende hersiening van verkiesingswetgewing en voorgestelde verkiesingswetgewing en die maak van aanbevelings in verband daarmee;

(k) bevordering van kiesersopleiding;

20 (l) bevordering van samewerking met en tussen persone, instellings, regerings en administrasies vir die bereiking van sy oogmerke;

(m) arbakening van wyke in die plaaslike sfeer van regering of om hulle te laat arbaken;

(n) bekendmaking van die uitstae van verkiesings vir nasionale, provinsiale en munisipale wergewende liggame binne sewe dae na sodanige verkiesings;

25 (o) beslegting van geskille wat uit die organisasie, administrasie of voer van verkiesings mag ontstaan en wat van 'n administratiewe aard is; en

(p) aanstelling, wanneer nodig, van gepaste owerheidsadministrasies in enige sfeer van regering vir die voer van verkiesings.

(2) Vir die doeleindes van die bereiking van sy oogmerke en die verrigting van sy werksaamhede moet die Kommissie—

(a) die nodige personeel verkry, hetsy by wyse van indiensneming, tydelike oorpasing, aanstelling op kontrak of andersins;

(b) die nodige fasiliteite vir die versameling en verspreiding van inligting betreffende verkiesingsaangeleenthede instel en in stand hou;

35 (c) saamwerk met opvoedkundige of ander liggame of instellings met die oog op die voorsiening van onderrig aan of die opleiding van persone in verkiesings- en verwante aangeleenthede; en

(d) in die algemeen, enige handeling wat nodig of bevorderlik daarvoor is, verrig.

## 40 Samestelling van Kommissie en aanstelling van kommissarisse

6. (1) Die Kommissie bestaan uit vyf lede, van wie een 'n regter moet wees, wat deur die President ooreenkomstig die bepalinge van hierdie artikel aangestel word.

(2) Geen persoon word as 'n lid van die Kommissie aangestel nie tensy hy of sy—

(a) 'n Suid-Afrikaanse burger is;

45 (b) nie op daardie tydstip 'n hoë partypolitiese profiel het nie;

(c) deur die Nasionale Vergadering by besluit deur die meerderheid van die lede van daardie Vergadering aangeneem, aanbeveel is; en

50 (d) genomineer is deur 'n komitee van die Nasionale Vergadering wat proporsioneel uit lede van al die partye wat in daardie Vergadering verteenwoordig is, saamgestel is, van 'n lys van aanbevole kandidate wat aan die komitee deur die paneel bedoel in subartikel (3) voorgelê is.

(3) Die paneel bestaan, behoudens subartikel (6), uit—

(a) die President van die Konstitusionele Hof, as voorsitter;

55 (b) 'n verteenwoordiger van die Menseregterkommissie by artikel 115(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993), ingestel;

(c) 'n verteenwoordiger van die Kommissie op Geslagsgelykheid by artikel 119(1) van genoemde Grondwet ingestel; en

(d) die Openbare Beskermer by artikel 110(1) van genoemde Grondwet ingestel.

(4) Die paneel moet 'n lys van nie minder nie as agt aanbevole kandidate aan die komitee van die Nasionale Vergadering bedoel in subartikel (2)(d) voorleë.

(5) Die paneel moet ooreenkomstig die beginsels van deursigtigheid en openheid optree en sy aanbevelings met behoorlike inagneming van 'n persoon se geskiktheid, kwalifikasies en ondervinding maak.

(6) Indien iemand bedoel in subartikel (3)(b) tot (d) weens enige rede nie beskikbaar is om op die paneel te dien nie, moet die voorsitter, na oorleg met die oorblywende lede van die paneel, iemand anders as 'n lid van die paneel aanwys.

#### Ampstermyne, diensvoorwaardes, onthefing van amp en skorsing van kommissarisse

7. (1) Die ampstermyn van 'n lid van die Kommissie is sewe jaar tensy hy of sy bedank of vroeër te sterwe kom of ingevolge subartikel (3) van sy of haar amp onthef word.

(2) Die diensvoorwaardes, besoldiging, toelaes en ander voordele van kommissarisse word van tyd tot tyd deur die President na oorleg met die Kommissie op Besoldiging van Verteenwoordigers ingestel by artikel 2 van die Wet op die Kommissie op Besoldiging van Verteenwoordigers, 1994 (Wet No. 37 van 1994), bepaal, en 'n onderskeid kan tussen kommissarisse wat in 'n voltydse en deeltydse hoedanigheid aangestel word, getref word.

(3) 'n Kommissaris kan—

(a) slegs deur die President van sy of haar amp onthef word—

(i) op grond van wangedrag, ongeskiktheid of onbevoegdheid;

(ii) na 'n bevinding te dien effekte deur 'n komitee van die Nasionale Vergadering op die aanbeveling van die Verkiesingshof; en

(iii) die aanneem deur 'n meerderheid van die lede van daardie Vergadering van 'n besluit wat die onthefing van amp van daardie kommissaris eis;

(b) te eniger tyd na die aanvang van die verrigtinge van die komitee in paragraaf (a)(ii) beoog deur die President in sy of haar amp geskors word;

(c) heraangestel word, maar slegs vir een verdere ampstermyn.

#### Voorsitter van Kommissie

8. (1) Die President wys 'n voorsitter en ondervoorsitter vanuit die geledere van die Kommissie aan.

(2) In die afwesigheid van sowel die voorsitter as die ondervoorsitter, kies die oorblywende lede 'n waarnemende voorsitter vanuit hul geledere.

#### Gedrag van kommissarisse

9. (1) Elke lid van die Kommissie moet—

(a) onpartydig en onafhanklik dien en sy of haar werksaamhede as sodanig in goeie trou en sonder vrees, guns, of vooroordeel verrig;

(b) indien in 'n voltydse hoedanigheid aangestel, as sodanig dien met die uitsluiting van enige ander plig of verpligting voortspruitend uit enige ander diens of beroep of die bekleding van enige ander amp, tensy spesifiek daartoe deur die President gemagtig.

(2) Geen lid van die Kommissie—

(a) is gedurende sy of haar ampstermyn bevoeg vir aanstelling of nominasie in enige politieke amp nie;

(b) mag op enige wyse, hetsy regstreeks of onregstreeks, enige party of kandidaat wat aan 'n verkiesing deelneem, of enige van die kwessies in geskil tussen partye of kandidate, steun of teenstaan nie;

(c) mag deur sy of haar lidmaatskap, assosiasie, uitlating, gedrag of op enige ander wyse, sy of haar waargenome onafhanklikheid op die spel plaas, of op enige ander wyse die geloofwaardigheid, onpartydigheid, onafhanklikheid of integriteit van die Kommissie benadeel nie;

(d) mag private gebruik maak van of voordeel trek uit enige vertroulike inligting as gevolg van sy of haar aanstelling en werksaamhede as sodanige lid verkry nie;

(e) mag enige sodanige inligting aan enige derde party openbaar maak; nie behalwe in die loop en omvang van sy of haar amptelike werksaamhede;

(f) is gedurende sy of haar ampstermyn bevoeg om, as lid van die Parlement, 'n

provinsiale wetgewer of 'n plaaslike bestuursliggaam te dien nie, en sodanige onbevoegdheid duur voort vir 'n tydperk van 18 maande bereken vanaf die datum waarop sodanige ampstermyn verstryk.

#### Openbaarmaking van hotsende belange

- 5 10. (1) Behoudens subartikel (2) mag 'n lid nie by enige vergadering van die Kommissie gedurende die bespreking van enige aangeleentheid voor sodanige vergadering ten opsigte waarvan hy of sy enige finansiële of ander belang het wat hom of haar mag verhinder om sy of haar werksaamhede op 'n billike, onpartydige en behoorlike wyse te verrig—
- 10 (a) teenwoordig wees nie;
- (b) stem nie; of
- (c) op enige ander wyse aan die verrigtinge daarvan deelneem nie.
- (2) Indien dit te eniger tyd gedurende die loop van enige verrigtinge voor die Kommissie blyk dat enige lid 'n belang het of mag hê wat so 'n botsing van belange
- 15 aan sy of haar kant mag veroorsaak—
- (a) moet sodanige lid onverwyld en ten volle die aard van sy of haar belang openbaar en die vergadering verlaat ten einde die oorblywende lede in staat te stel om die aangeleentheid te bespreek en vas te stel of sodanige lid uitgesluit is van deelname aan sodanige vergadering as gevolg van 'n botsing van belange; en
- 20 (b) moet sodanige openbaarmaking en die besluit deur die oorblywende lede betreffende sodanige vasstelling geneem, in die notule van die vergadering opgeneem word.
- (3) Indien enige lid versuim om enige belang te openbaar soos in subartikel (2) vereis
- 25 of, behoudens daardie subartikel, teenwoordig is by 'n vergadering van die Kommissie of op enige wyse hoe ook al deelneem aan die verrigtinge van die Kommissie met betrekking tot sodanige aangeleentheid, kan sodanige verrigtinge deur die Kommissie hersien, en gewysig of tersyde gestel word.

#### Vergaderings van Kommissie

- 30 11. (1) Die Kommissie kan op enige plek in die Republiek deur die voorsitter bepaal vergader vir die doel van die verrigting van sy werksaamhede.
- (2) Vergaderings kan te eniger tyd en met die tussenposes wat omstandighede vereis deur die voorsitter belê word, en hy of sy belê 'n spesiale vergadering wanneer aldus deur enige twee ander lede van die Kommissie versoek.
- 35 (3) 'n Kworum vir 'n vergadering van die Kommissie is die meerderheid van die totale getal lede.
- (4) 'n Besluit deur die meerderheid van die lede teenwoordig by 'n vergadering maak 'n besluit van die Kommissie uit.
- (5) Die Kommissie kan sy eie prosedures bepaal wat by sy vergaderings gevoig moet
- 40 word.

### HOOFSTUK 3

#### ADMINISTRASIE, PERSONEEL EN VERANTWOORDINGSPLIGTIGHEID VAN KOMMISSIE

##### Administrasie en personeel van Kommissie

- 45 12. (1) So gou moontlik na die samestelling van die Kommissie en wanneer ook al nodig daarna, stel die Kommissie 'n publiek gekwalifiseerde en ervare persoon as hoofverkiesingsbeampte aan.
- (2) Die hoofverkiesingsbeampte—
- (a) is die hoof van die administrasie van die Kommissie;
- 50 (b) is die rekenpligtige beampte van die Kommissie vir die doeleindes van die Skatkiswet, 1975 (Wet No. 66 van 1975), en moet die nodige rekenkundige en aanverwante aantekeninge laat hou; en
- (c) kan al die bevoegdhede uitoefen en moet al die pligte en werksaamhede verrig wat deur die Kommissie of hierdie Wet of enige ander wet aan hom of
- 55 haar toevertrou of opgedra word.
- (3) Wanneer die hoofverkiesingsbeampte om watter rede ook al afwesig is of nie in staat is om sy of haar werksaamhede te verrig nie, of wanneer daar 'n vakature in die amp van hoofverkiesingsbeampte ontstaan, kan die Kommissie 'n lid van sy personeel

aanwys om in daardie hoedanigheid waar te neem tot tyd en wyl die hoofverkie-  
 beamspte sy of haar werksaamhede hervat, of 'n hoofverkie-  
 subartikel (1) aangestel is, en terwyl daardie lid aldus waarsaem, het hy of sy die  
 bevoegdhede en verrig hy of sy die werksaamhede van die hoofverkie-  
 5 aan hom of haar deur die Kommissie gedelegeer of opgedra word.

(4) Die hoofverkie-  
 beamspte moet in oorleg met die Kommissie die beamsptes en  
 werknemers van die Kommissie aanstel wat hy of sy nodig ag om die Kommissie in  
 staat te stel om sy bevoegdhede en sy pligte en werksaamhede doeltreffend uit te oefen  
 en te verrig.

10 (5) Die diensvoorwaardes, besoldiging, toelae, subsidies en ander voordele van die  
 hoofverkie-  
 beamspte, 'n waarnemende hoofverkie-  
 beamspte en die ander ad-  
 ministratiewe personeel van die Kommissie word deur die Kommissie voorgeskryf.

(6) Ondanks die bepalings van die "Government Employees Pension Law, 1996"  
 (Proklamasie No. 21 van 1996)—

15 (a) kan enige persoon wat ingevolge hierdie artikel aangestel is en wat  
 onmiddellik voor die datum van sodanige aanstelling 'n lid van die  
 "Government Employees Pension Fund" bedoel in artikel 2 van daardie  
 "Law" was, so 'n lid bly ondanks sodanige aanstelling; en

20 (b) kan enige persoon aldus aangestel wat nie 'n lid van genoemde fonds is nie,  
 'n lid van daardie fonds word vanaf die datum van sodanige aanstelling en,  
 indien toepaslik, dra hy of sy daartoe by.

#### Finansies en ouditering

13. (1) Die uitgawes in verband met die uitoefening van die Kommissie se  
 bevoegdhede en die verrigting van sy pligte en werksaamhede word bestry met geld vir  
 25 daardie doel deur die Parlement bewillig of deur die Kommissie uit enige ander bron  
 ontvang.

(2) Die Kommissie moet vir die nodige bronne of addisionele bronne begroot om  
 hom in staat te stel om sy bevoegdhede, pligte en werksaamhede doeltreffend uit te  
 oefen en te verrig.

30 (3) Die aantekeninge in artikel 12(2)(b) bedoel, word deur die Ouditeur-generaal  
 ingevolge die Wet op die Ouditeur-generaal, 1995 (Wet No. 12 van 1995), geouditeer.

#### Verslae deur Kommissie

14. (1) Die Kommissie moet jaarliks, so gou moontlik na die einde van elke boekjaar,  
 'n geouditeerde verslag van alle geld ontvang vanuit ander bronne soos beoog in artikel  
 35 13(1), asook 'n geouditeerde staat van inkomste en uitgawes en 'n verslag betreffende  
 die werksaamhede, aktiwiteite en sake van die Kommissie ten opsigte van sodanige  
 boekjaar aan die Nasionale Vergadering voorle.

(2) Die Kommissie verstrekk aan die President die inligting en besonderhede wat hy  
 of sy van tyd tot tyd skriftelik in verband met die aktiwiteite van die Kommissie  
 40 verlang.

(3) Die Kommissie moet so gou moontlik na die einde van 'n verkiesing 'n verslag  
 daarvoor publiseer.

(4) Die Kommissie kan, indien hy dit nodig ag, 'n verslag oor die waarskynlikheid  
 al dan nie dat hy in staat sal wees om te verseker dat enige hangende verkiesing vry en  
 45 regverdig sal wees, publiseer.

## HOOFSTUK 4

### REGISTRASIE VAN PARTYE

#### Registrasie van partye

15. (1) Die hoofverkie-  
 beamspte moet op aansoek van 'n party in die  
 50 voorgeskrewe vorm, daardie party ooreenkomstig hierdie Hoofstuk registreer.

(2) Die vorm moet onder andere vir die volgende voorsiening maak:

(a) Die naam van die party;

(b) die onderskeidende merk of simbool van die party in kleur;

(c) die afkorting, as daar is, van die naam van die party bestaande uit hoogstens  
 55 agt letters; en

(d) die grondwet van die party.



- (3) Geen party wat nie in die Parlement, 'n provinsiale wetgewer of 'n plaaslike bestuursliggaam verteenwoordig is nie, word aldus geregistreer nie, tensy die aansoek vergesel gaan van—
- (a) daardie party se stigtingsakte wat aangeneem is by 'n vergadering van, en onderteken is deur, die voorgeskrewe getal persone wat stemgeregtigde kiesers is:
- (b) die voorgeskrewe bedrag, as daar is; en
- (c) bewys van publikasie in die *Staatkoerant* van die voorgeskrewe kennisgewing van die aansoek.
- (4) Die party se stigtingsakte moet die voorgeskrewe besonderhede bevat.
- (5) Nadat 'n party geregistreer is, moet die hoofverkiesingsbeampte 'n registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm aan daardie party uitreik en die voorgeskrewe besonderhede van sodanige registrasie in die *Staatkoerant* publiseer.
- (6) Elke geregistreeerde party wat nie in 'n wetgewende liggaam verteenwoordig is nie moet jaarliks sy registrasie op die voorgeskrewe wyse en tyd hernieu.

#### Verbod op registrasie van party onder sekere omstandighede

16. (1) Die Hoofverkiesingsbeampte registreer nie 'n party ingevolge artikel 15 nie, indien—

- (a) 'n voorgestelde naam, verkorte naam, onderskeidingsmerk of -simbool in die aansoek vermeld—
- (i) soveel ooreenstem met die naam, verkorte naam, onderskeidingsmerk of -simbool, na gelang van die geval, van enige ander geregistreeerde party dat dit kiesers kan mislei of verwar; of
- (ii) enigiets bevat wat die propagering of aanstigting van geweld of haat uitbeeld of wat ernstige aanstoot by enige gedeelte van die bevolking op grond van ras, geslagtelikheid, geslag, etniese oorsprong, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur of taal kan veroorsaak.
- (2) Enige party wat hom veronreg ag deur 'n beslissing van die hoofverkiesingsbeampte om 'n party te registreer of nie te registreer nie, kan binne 30 dae nadat die party van die beslissing in kennis gestel is, op die voorgeskrewe wyse by die Kommissie teen die beslissing appeleer.
- (3) Die Kommissie moet in die geval van so 'n appel die saak ondersoek of oorweeg en kan, behoudens subartikel (4), die beslissing van die hoofverkiesingsbeampte bevestig of tersyde stel.
- (4) By die oorweging van so 'n appel teen die weiering om 'n party ingevolge subartikel (1)(a)(i) te registreer—
- (a) moet die Kommissie die feit in ag neem dat die party wat die langste tydperk met die naam, verkorte naam, onderskeidingsmerk of -simbool, na gelang van die geval, geassosieer is, *prima facie* daartoe geregtig behoort te wees;
- (b) kan die Kommissie vir die doeleindes van paragraaf (a)—
- (i) die betrokke partye 'n geleentheid bied om bewys te lewer, met inbegrip van mondelinge getuienis of eeds- of bevestigde verklarings deur enige persoon wat na die oordeel van die Kommissie van hulp kan wees met die spoedige beslissing van die aangeleentheid; en
- (ii) 'n eed of bevestiging afneem van enige persoon wat voor hom verskyn om mondelinge getuienis af te lê.

#### Intrekking van registrasie van party

17. Die Kommissie kan die hoofverkiesingsbeampte gelas om die registrasie van 'n party in te trek indien—

- (a) die Kommissie, na behoorlike skriftelike kennisgewing aan daardie party en 'n ondersoek na die saak, oortuig is dat die party nie langer funksioneer nie of geen bedoeling het om aan 'n verkiesing deel te neem nie; of
- (b) die Kommissie deur die party op die voorgeskrewe wyse in kennis gestel is dat die party ontbind het of voornemens is om op 'n vermelde datum te ontbind.

## HOOESTUK 5

## VERKIESINGSHOF

## Instelling van Verkiegingshof

18. Daar is 'n Verkiegingshof vir die Republiek, met die status van die Hooggeregshof.

## Samestelling van Verkiegingshof

19. (1) Die Verkiegingshof bestaan uit die volgende lede deur die President op aanbeveling van die Regterlike Dienskommissie aangestel:

- (a) 'n Voorsitter, wat 'n regter van die Appèlrelding van die Hooggeregshof moet wees, en twee ander regters van die Hooggeregshof; en  
 (b) twee ander lede wat Suid-Afrikaanse burgers is.

(2) Die ampstermyne van die lede van die Verkiegingshof, hul diensvoorwaardes, besoldiging, en ander voordele word deur die President bepaal.

## Bevoegdhele, pligte en werksaamhede van Verkiegingshof

20. (1) (a) Die Verkiegingshof kan enige besluit van die Kommissie met betrekking tot 'n verkiesingsaangeleentheid hersien.

(b) So 'n hersiening word op 'n dringende basis gehanteer en word so spoedig moontlik afgehandel.

(2) (a) Die Verkiegingshof kan 'n appèl teen enige besluit van die Kommissie aanhoor en beslis slegs vir sover so 'n besluit betrekking het op die uitleg van enige wet of enige ander aangeleentheid waarvoor 'n appèl by wet voorsien is.

(b) Geen sodanige appèl word aangehoor nie behalwe met die voorafgaande verlof van die voorsitter van die Verkiegingshof verleen op aansoek binne die tydperk en op die wyse deur dié Hof bepaal.

(c) So 'n appèl word aangehoor, oorweeg en summier beslis op voorlegging van skriftelike veroë binne drie dae nadat verlof tot appèl ingevolge paragraaf (b) verleen is.

(3) Die Verkiegingshof kan sy eie praktyk en prosedures bepaal en sy eie reëls maak.

(4) Die Verkiegingshof moet—

(a) reëls maak ingevolge waarvan verkiesingsgeskille en klagtes oor skandings van die Verkiegingsgedragskode soos omskryf in artikel 1 van dié Kieswet, 1993 (Wet No. 202 van 1993), en appèlle teen beslissings daarvoor voer geregshowe gebring kan word; en

(b) bepaal watter geregshowe regsbevoeg is om bepaalde geskille en klagtes oor skandings te verhoor, en appèlle teen beslissings voortspruitend uit sodanige verhore aan te hoor.

(5) Die verhore en appèlle in subartikel (4) bedoel, moet voorkour geniet in die geregshowe ooreenkomstig daardie subartikel bepaal.

(6) Die Verkiegingshof kan enige aangeleentheid wat betrekking het op die uitleg van 'n wetsbepaling deur die Kommissie na hom verwys, aanhoor en beslis.

(7) Die Verkiegingshof kan ondersoek instel na 'n bewering van wangedrag, ongeskiktheid of onbevoegdheid van 'n lid van die Kommissie en 'n aanbeveling aan 'n komitee van die Nasionale Vergadering bedoel in artikel 7(3)(a)(ii) maak.

(8) Die Direkteur-generaal: Justisie moet die nodige akkommodasie, administrasie en finansieë steun aan die Verkiegingshof voorsien.

## HOOFSTUK 6

## ALGEMENE BEPALINGS

## Misdrywe en strawwe

21. (1) Enige persoon pleeg 'n misdryf wat—

- (a) die Kommissie, die hoofverkiegingsbeampte of 'n lid van die personeel van die Kommissie in die uitoefening van die Kommissie se of sy of haar bevoegdhele of in die verrigting van die Kommissie se of sy of haar pligte of werksaamhede opsetlik verhinder of belemmer;

(b) die verrigtinge by 'n vergadering van die Kommissie of 'n sitting van die Verkiesingshof opsetlik onderbreek of hom of haar op enige ander wyse wangedra in die plek waar sodanige vergadering of sitting gehou word;

(c) enigiets doen wat bereken is om die Kommissie of daardie Hof onbehoorlik te beïnvloed ten opsigte van enige aangeleentheid wat deur die Kommissie of daardie Hof oorweeg word of oorweeg staan te word in verband met enige besluit of bevel.

(2) Enige persoon wat skuldig bevind word aan 'n misdryf in subartikel (1) bedoel, is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar.

#### 10 Regsgedinge teen Kommissie

22. (1) Die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957 (Wet No. 20 van 1957), is met die nodige veranderinge van toepassing ten opsigte van die Kommissie.

(2) By sodanige toepassing word 'n verwysing na 'n Minister van 'n departement uitgelê as 'n verwysing na die voorsitter van die Kommissie.

#### 15 Regulasies

23. (1) Die Kommissie kan regulasies uitvaardig betreffende—

(a) die tydsbeperkings waarbinne en die wyse waarop appèlle aangeteken of besluite op hersiening deur die Kommissie gebring kan word ingevolge hierdie Wet;

(b) die opstel en byhou van kieserslyste;

(c) die registrasie van partye ingevolge hierdie Wet;

(d) die regulering van die optrede van alle persone, partye en kandidate vir sover sodanige optrede die voer van 'n vry en regverdigde verkiesing kan bevorder of strem;

(e) enige aangeleentheid vereis of toegelaat om voorgeskryf te word ingevolge hierdie Wet;

(f) die hou van 'n referendum wat kragtens artikel 2 verklaar is; en

(g) in die algemeen, alle aangeleenthede wat nodig of dienstig is om voorgeskryf te word ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

(2) 'n Regulasie kan vir enige oortreding daarvan of enige versuim om daaraan te voldoen, strafwe voorskryf van 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

(3) Enige regulasie wat staatsuitgawes raak, word met die instemming van die Minister van Finansies uitgevaardig.

#### 35 Herroeping van wette, regsopvolging en oorgangsbepaling

24. (1) Die wette in die Bylae vermeld, word hierby herroep.

(2) Die Kommissie is die regsopvolger van die Onafhanklike Verkiesingskommissie ingestel by artikel 4 van die Wet op die Onafhanklike Verkiesingskommissie, 1993 (Wet No. 150 van 1993), en is bevoeg om alle verkiesingstoerusting en -materiaal deur enige staatsorgaan in enige sfeer van regering gehou, te beheer.

(3) Ondanks die herroeping van die Wet op die Onafhanklike Verkiesingskommissie, 1993, by subartikel (1), moet die Spesiale Verkiesingshof ingestel by artikel 32 van daardie Wet enige aangeleentheid wat voor hom hangend is, afhandel asof hierdie Wet nie aangeneem is nie.

#### 45 Kort titel en inwerkingtreding

25. Hierdie Wet heet die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatkoerant* bepaal.

## WET OP DIE VERKIESINGSKOMMISSIE, 1996

Wet No. 51, 1996

## BYLAE

## WETTE HERROEP

Nummer en jaar van wet	Titel
Wet 150 van 1993	Wet op die Onafhanklike Verkiesingskommissie, 1993
Wet 193 van 1993	Wysigingswet op die Onafhanklike Verkiesingskommissie, 1993
Wet 5 van 1994	Wysigingswet op die Onafhanklike Verkiesingskommissie, 1994
Proklamasie 46 van 1994	Wysigingsproklamasie op die Onafhanklike Verkiesingskommissie, 1994